

11 Maart 2022

Liewe ouers, personeel en leerders

Bouwerk op die terrein.

As gevolg van die toename in getalle die afgelope twee jaar, het dit noodsaaklik geword om klasse aan te bou. Daar is ook talle ander verbeterings by die skool aangebring.

1. Afgehandelde projekte:

- 1.1. Die houtdek by die Kwagga Cuisine was vrot gewees. Die beheerliggaam het besluit om die dek met 'n betonstoep te vervang. Die koste om dit te doen was R 350 000,00. Dit was deel van die 2021-begroting.
- 1.2. Jheerlik Koffiewinkel en Deli is opgerig. Die eienaars van Jheerlik was verantwoordelik vir die koste. Daar is tussen hulle en die beheerliggaam 'n huurooreenkoms opgestel. Die beheerliggaam het die koste van die plaveisel aan die oostekant van die koffiewinkel gedra. Ons is baie dankbaar vir die voorreg en baie mense geniet die koffiewinkel.

2. Huidige projekte:

- 2.1. Ons bou tans drie klasse aan die westekant van die skool, bo-op die een rekenaarlokaal. Dit is die gebou aan die noordekant van die laboratoriumblok.



- 2.2. Die mediasentrum word in vier moderne musieklokale verander. Die funksie van die mediasentrum is verskuif na die vakhoofde en klasse. Leerders se navorsing word meestal oor die internet gedoen en ons het ook 'n program om lees te bevorder.



- 2.3. By die akwaponiesetunnel bou ons nog drie klasse. Daar word ook geriewe geskep vir navorsing en die verpakking van die produkte wat in die tunnel verbou word. Die navorsingsentrum se doel is dat onderwysers deur middel van samewerkende leer en navorsing van werklike wêreldsituasies, leerders sal voorberei vir die 4IR.



3. Finansiering

Ons is dankbaar dat ouers hulle skoolgeld op 'n gereelde basis betaal. Die projekte word egter deur die beheerliggaam gefinansier deur middel van fondse wat ons tydens die pandemie vanaf die WKOD gekry het, besparings op ons vervoerbegroting en 'n aansoek aan die WKOD om finansiële hulp vir die bou van klasse. Dus kos die huidige aanbouings die ouer van die dag geen geld nie.

4. Eeufeesprojekte:

Ons is vêr gevorder met die beplanning van twee ander eeufeesprojekte. Ons vertrou dat dit aan die volgende geslag Kwaggas nuwe geleentheid sal skep.

4.1. Eeufeessentrum (Multifunksionele aktiwiteitsentrum)

Hoërskool Outeniqua wil graag 'n aktiwiteitsentrum bou waar die volgende aktiwiteite gaan plaasvind.

- (a) Akademie: eksamens van leerders - ons skryf tans in Christian Reformed Church-kerksaal, die skoolsaal, die sypaal en klaskamers ons matriekeksamens. Die saal sal ook gebruik word vir die ekspo van die Suid-Kaap en aanbied van seminare.
- (b) Etos van die skool: 'n Skool se etos is belangrik en leerders en personeel moet gebonde aan die groep voel. Saalopening speel hierin 'n belangrike rol. Hoërskool Outeniqua kon die afgelope 30 jaar nie alle leerders op 'n stoel in 'n saal laat sit nie. Indien die Eeufeessentrum volgens die huidige plan gebou word, sal daar meer as 2 000 mense op stoele in die saal kan sit. Dit sal 'n ander dimensie aan die samehorigheidsgevoel van die skool bring.
- (c) Ons bied jaarliks een van die grootste loopbaanuitstallings in die Suid-Kaap aan. Die huidige saal is te klein om aan al die uitstallers 'n regmatige kans te bied. Die Eeufeessentrum sal die ideale fasiliteit wees om die loopbaanuitstalling aan te bied.
- (d) Die aanbied van sportgeleentheid (veral nasionale en internasionale sportgeleentheid), bv. groot skaaktoernooie, ens.
- (e) Die aanbied van musiekfeeste is nie net goeie fondsinsamelingsprojekte nie, maar bevorder ook die kunste in ons omgewing. Gedurende Desember is hier verskeie optredes wat gereël word. Baie van die optredes, wat in die opelug gehou word, moet as gevolg van reën gekanselleer word. Die Eeufeessentrum sal verhoed dat kunstenaars optredes as gevolg van die weer kanselleer.
- (f) Ons is tans in onderhandelinge met CRC oor die moontlikheid van 'n vennootskap. Indien hulle die saal Sondae vir kerk wil gebruik en hulle kan met die finansiering van die projek help, kan daar 'n langtermyn ooreenkoms met hulle gesluit word.

4.2. Kultuurteater

Die George- en die Suid-Kaap-gemeenskap het nie 'n teater van wêreldgehalte nie. Daar bestaan 'n groot behoefte vir die bou van 'n teater wat kunstenaars van George en besoekende kunstenaars kan gebruik.

Hoërskool Outeniqua het 13 onderwysers wat in die kunste spesialiseer:

- (a) Vyf musiekonderwysers, wat in die volgende genres onderrig gee: klassieke musiek, jazz, koorafrigting en fluit.

- (b) Drie Ontwerp-onderwysers.
- (c) Twee Visuele Kunste-onderwysers
- (d) Twee Dramatiese Kunste-onderwysers
- (e) Een Dansonderwyser.

Ons het voor die pandemie elke derde jaar uitstaande musiekblyspele aangebied. Dit het al die dissiplines van die kunste bymekaargebring en hierdie blyspele was van hoogstaande gehalte.

Hoërskool Outeniqua het tot 2011 'n kultuur kaleidoskoop aangebied. Skole regoor Suid-Afrika het die geleentheid gehad, om in al die dissiplines van kultuur opleiding en ook geleentheid vir opvoerings, gekry.

In die Suid-Kaap moet koorfeeste, eisteddfods en ander belangrike uitvoerings in skoolsale aangebied word. Die skoolsale se akoestiek is nie altyd van die beste gehalte nie. Dit benadeel kwaliteit optredes.

Die gemeenskap het ook skitterende kunstenaars en moet gereeld in 'n verouderde teater, restaurante of op sportvelde in die dorp optree.

Om hierdie drome te verwesenlik sal die Outeniqua-gemeenskap 'n groot poging ten opsigte van fondsinsameling moet loods. Daarom doen ons 'n beroep op ouers, oud-leerders, ondersteuners van die skool en besighede om ons finansiëel met hierdie projekte te ondersteun. Indien julle betrokke wil raak, skakel gerus met die skoolhoof, een van die adjunkhoofde of Ronel Lamprecht.

Kwagga groete.



C. P. Vorster
Skoolhoof